MIKRO

WERK EN SKEP

# NWT:

## ONDERWERP 7

## GEBRUIKE van METALE

**WEEK 4**

**11 Mei 2020**

Graad 5


Laerskool Mikro Kopiereg ©

# EENHEID 1: WAT WEET JY VAN MAGNETE

**Die prentjie wys 'n magneet wat stukkies metaal optel. Kyk of jy die volgende vrae mondelings vir jouself kan beantwoord.**



1. Hoekom word party stukkies metaal na die magneet aangetrek, maar ander nie?
2. Word alle metale deur magnete aangetrek?
3. Word nie-metale deur magnete aangetrek?
4. Trek magnete net klein stukkies metaal aan?
5. Waar word magnete in die alledaagse lewe gebruik?



**SLEUTELWOORDE:** **MAGNETIES** – word deur 'n magneet aangetrek
**AANSLAAN** – 'n metaal verander en word vaal
**KORRODEER** – 'n metaal breek af

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# METALE IS NUTTIG

In die alledaagse lewe is metale baie nuttig. Hier is ‘n paar voorbeelde :





- **METALE GELEI HITTE**

As ‘n kastrol ‘n metaalhandvatsel het, kan dit te warm wees om op te tel as die kastrol op die stoof was. Dit is waarom die meeste kastrolle hout- of plastiekhandvatsels het. Ons maak potte en panne van **METAAL** omdat **METAAL HITTE GELEI**. Ons kan nie hitte sien nie, maar wel die gevolge daarvan.




- **MAGNETISME en METALE**

Sekere metale is **MAGNETIES**. Wanneer ‘n mens sekere metale naby ‘n magneet hou word die metale **aangetrek na die magneet**. **YSTER en STAAL** is die belangrikste Magnetiese metale. Twee ander metale wat magneties is, is **KOBALT en NIKKEL**.



- **METALE ROES OF SLAAN AAN**

Bykans alle metale word beïnvloed deur **lug en water**. Die **lug** laat die metale verander. Alle metale is aanvanklik blink, maar die **lug** maak dit na ‘n paar weke dof. By voorwerpe soos koper, Aluminium en sink is die lagie redelik dun. Ons sê die metale **slaan aan of korrodeer.**

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# KORRODEER en ROES

Yster korrodeer baie maklik. Wanneer yster korrodeer, sê ons dit **ROES**. **YSTER** is die enigste metaal wat **ROES**. Die **YSTER** word **ROOIBRUIN** en breek af in klein stukkies.

**HOE OM TE KEER dat YSTER en STAAL ROES moet ons die volgende doen:**



- Bedek die metaal met **verf**



- Bedek die metaal met **plastiek**




- Bedek metaal met 'n **ander metaal wat nie roes nie**



- Bedek metaal met **olie en ghries**

Laerskool Mikro Kopiereg ©




# AKTIWITEIT : KIES DIE REGTE METAAL

LAERSKOOL MIKRO

1. Skryf neer watter metaal gebruik word om die items hieronder te maak. Kies een van die metale vir elke antwoord:

**koper geelkoper yster aluminium silwer nikkel**

a. ‘n Hangertjie vir ‘n bruid
b. ‘n Helikopter
c. ‘n Draadheining
d. Deurhandvatsels
e. Muntstukke
f. Elektriese koorde




2. Hoekom sou ‘n mens nie sokkerdoelhokke van rubber maak nie?

3. Hoekom sou ‘n mens nie ‘n heining van tou maak nie?

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# AKTIWITEIT: MEMORANDUM



1. a. silwer
   b. aluminium
   c. yster
   d. geelkoper
   e. nikkel
   f. koper

2. Die rubber sal nie sterk en stewig genoeg wees om die doelhok regop te hou nie en die gewig sal die doelhok laat buig.

3. Die tou sal nie die nodige beskerming gee nie, want dit sal maklik breek veral as dit nat word.

Laerskool Mikro Kopiereg ©